# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

| | |
|---|---|
| **WhatsApp:** 067 713 2332 | **Webblad:** www.oosdoppers.co.za |
| **Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers | **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc |
| **Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch | |

## 23 April 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Ons het verlede Sondag uit Johannes 15 gehoor dat ons die lote aan die wingerdstok Jesus Christus is. Jesus het ons opdrag gegee dat ons in Hom moet bly sodat ons baie vrug vir God kan dra. Jesus het beklemtoon dat ons alleen deur Hom vrug kan dra en dat ons sonder Hom niks kan doen nie. In dieselfde gesprek verwys Jesus egter na sy Hemelvaart, dat Hy weggaan! Hoe nou? Maar dan kom die belofte: Hy sal die Heilige Gees stuur om in ons te bly.

Die heerlike belofte met die koms van die Heilige Gees (Pinkster) is dat die Heilige Gees hierdie vrug wat ons moet dra, in ons sal bewerk. Hy werk van binne, verander en vernuwe ons harte en denke sodat ons hierdie heerlike vrug vir God kan dra.

Om hierdie rede praat Paulus in Galasiërs 5 van die **"vrug van die Gees"** wat ons moet vertoon. Dié vrug wat ons moet dra omdat ons ons deur die Heilige Gees laat lei. Dit is hierdie "hartsvrug" wat in ons optrede as gelowiges gesien moet word en waardeur God verheerlik kan word.

Ons gaan in aanloop tot Pinksterfees (die uitstorting van die Heilige Gees) in die volgende weke fokus op hierdie "vrug van die Gees" uit Galasiers 5. Daar staan:

"[16]Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. [17]Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer……… **[22]Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23]nederigheid en selfbeheersing.** Teen sulke dinge het die wet niks nie. [24]Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. [25]Ons lewe deur die

Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal."

**Tema: Ons dra vrugte vir God wanneer ons ons deur die Heilige Gees laat lei!**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Ps 150 - 1: 1, 2, 3 en Ps 148 - 1: 1, 2

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Sb 7 - 2: 1, 2; Votum; Seën; Loflied Ps 115 - 1: 1, 7, 8; Geloofsbelydenis: Dele uit Nederlandse Geloofsbelydenis, art 24

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet uit Matteus 5: 3 - 12 ; Sing Ps 51 - 2: 3, 4; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Johannes 15: 1 - 6 en
Johannes 16: 5 - 7 en
Galasiërs 5: 16 - 25.
Teksverse: Galasiërs 5: 25
Sing Sb 8 - 1: 1, 2 (Kleuters gaan na hulle bediening) ; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing Ps 92 - 2: 5; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

## GROEPBEDIENING

Soos gereël in groepe.

## MEELEWING

- Rita Kleynhans ondergaan DV Maandag 'n groot rugoperasie in Mooimed.
- Marthie Schoeman sukkel met haar gesondheid en gaan DV 5 Mei vir ondersoeke.
- Koot van der Walt het gunstige uitslag gekry ten opsigte van sy hartsonar en ons vertrou die longontsteking sal gou opklaar.
- Andries du Plessis reageer goed op die chemoterapie en sy algemene gesondheid verbeter ook mooi.
- Marianna du Plessis het so klein terugslag beleef na haar knievervanging-operasie en sy sterk nog aan in die hospitaal.
- Annatjie Grobler is tydelik in Eikelaan se versorgingseenheid opgeneem vir monitering en versorging.
- Truida van der Walt het Woensdag 'n lensvervanging ondergaan en komende Woensdag word die ander oog ook gedoen. Ons vertrou sy sal weer mooi kan sien en ons so goed kan begelei soos altyd! Monica Peters staan vir haar in met die orrelbegeleiding.
- Lynette van der Walt het 'n operasie aan haar ooglid ondergaan en sterk tuis aan.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## BAIE GELUK

- Earnest en Loretha de Vries het 'n kleinseun ryker geword!
- Divan en Dané Greyling het Vrydag 'n babaseuntjie (Christiaan) van die Here ontvang.



## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Gemeentevergadering
Tee, koffie en sap
Kleuterbediening
Katkisasie Les 8
Groepbediening

**Dinsdag**
06:00 Manne ondersteuningsgroep
17:00 Eiendommediensgroep
18:00 Groepsusters

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
18:00 Katkisasie Gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie

**Donderdag**
Publieke vakansiedag

## AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en (Klein boks). Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 14 en 15.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 23 April**
Jbr Joshé Fourie

**Maandag, 24 April**
Br Adolf Lombard
Sr Tooitjie Niemand
Sr Monica Peters

**Dinsdag, 25 April**
Sr Gerda Kruger

**Woensdag, 26 April**
Sr Anri McDonald

**Donderdag, 27 April**
Br Dirk Bloem
Br Dawie Grobler
Sr Riana Schutte

**Vrydag, 28 April**
Sr Suzanne Kruger
Sr Kinnie Yssel *

**Saterdag, 29 April**
Sr Marian de Kock
Sr Emma du Plooy
Br Pieter Lessing
Sr Marie Oosthuizen

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## DIE KERKBLAD

Beskikbaar in die voorportaal van die Skuur vir lidmate wat daarop ingeteken is.

## KENELKANDER 2023

Lidmate wat Kenelkander (Gemeenteboekies) bestel het, moet dit asb by Adele in die Kerkkantoor kom afhaal.

## GKSA-NUUS

Beroep ontvang
Ds PR (Retief) Gouws van GK Dendron/ Magalakwin na GK Bergsig.

Beroep bedank
Ds CB (Brahm) Robinson van GK Cachet na GK Hermanus.



# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Carin Kloppers en groep 7, Marian de Kock en groep 15, Marie Oosthuizen en groep 25, asook Annarie Oelofse en groep 33.

## BLIKKIES-WARMHARTE & SUSTERSBYDRAE



- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.



- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.


*Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee!*

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **25-Apr** | **Dinsdag** | **18:00** | **Groepsusters** | **Groepsustersvergadering** |
| 9 Mei | Dinsdag | 18:30 | Blok B | Sustersamekoms |
| 04-Jun | Sondag | 18:00 | Blok C | Ouderlingverversings |
| 11-Jun | Sondag | 12:00 | Blok A | Nagmaalete |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!





# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |